OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER

Theewaterskloof Municipality – Administrative Head Office
6 Plein Street, PO Box 24 Caledon, Western Cape, 7230
Tel: +27 (28) 2143300 | Fax: +27 (28) 2141289
Website: www.twk.gov.za

28 Mei 2026

Mnr.SW Visser
Caledon

Epos: sw.visser@gmail.com

Geagte Meneer / Mevrou

Munisipale Reaksie op Kommentaar Ontvang Konsepbegroting 2026-2027

Baie dankie vir u uitgebreide en deeglike skrywe rakende die Konsepbegroting 2026/2027, asook vir die tyd en moeite wat u afgestaan het om u kommentaar en besware uiteen te sit.

Ons neem kennis van u frustrasie met vorige openbare deelnameprosesse en die gevoel dat inwoners se kommentaar nie altyd voldoende aangespreek word nie.

Hoewel dit nie moontlik is om op elke individuele punt onmiddellik volledige terugvoering te gee tydens die openbare deelnamefase nie, is dit belangrik om te beklemtoon dat kommentaar formeel aangeteken en as deel van die hersieningsproses voor finale begrotingsaanvaarding oorweeg word.

Soos u uitgewys het, die Munisipaliteit bevind hom tans in ’n moeilike maar noodsaaklike proses van finansiële herstel en stabilisering. Soos uiteengesit in die Burgemeester se voorwoord, moes die 2026/2027-begroting saamgestel word binne ’n baie beperkte finansiële ruimte, terwyl kern-dienslewering steeds beskerm moet word en regulatoriese vereistes nagekom moet word. Dit beteken egter nie dat bekommernisse oor bekostigbaarheid, tariefvlakke, personeelstrukture en diensdoeltreffendheid ligtelik opgeneem word nie.

U kommentaar oor personeelgetalle, begrotingsaannames, salarisverhogings en die interpretasie van sekere tabelle is tydens die begrotingswerkswinkel bespreek en ons neem ook kennis van u kommer dat inwoners groter duidelikheid en eenvoudiger verduidelikings nodig het om die begroting beter te kan verstaan. Hierdie behoefte aan groter deursigtigheid is ’n geldige punt wat verdere aandag sal ontvang. As deel van die finansiële herstelplan, het ons reeds baie verandering gemaak wanneer dit by personeelgetalle kom en word daar tans ook geen

aanstellings gemaak om koste te bespaar. Ons ontmoet ook weekliks met provinsie om ons kontantvloei te bespreek en dit beïnvloed tans alle operasionele besluite.

Met betrekking tot tariewe, verstaan die Munisipaliteit die druk wat voorgestelde verhogings op huishoudings, besighede en die plaaslike ekonomie plaas, veral binne die huidige ekonomiese klimaat. Faktore soos stygende grootmaatkoste, infrastruktuurvereistes, instandhouding, regulatoriese verpligtinge en historiese finansiële uitdagings speel alles ’n rol in die bepaling van tariewe. Nietemin word insette soos u s’n juis gebruik om die impak van die voorgestelde begroting beter te verstaan voordat dit finaal deur die Raad oorweeg word.

Ons neem verder kennis van u opmerkings rakende dienslewering, produktiwiteit, toesig, kostebeheer en kommunikasie met die publiek. Die verwagting dat inwoners sigbare waarde vir hul belasting- en dienstegeld moet ontvang, is redelik en word erken.

Dankie vir u betrokkenheid en vir die wyse waarop u u standpunte uiteengesit het.

Ons bedank u weereens vir u konstruktiewe insette en vir u samewerking met die Munisipaliteit oor sake wat die toekomstige volhoubaarheid van ons gemeenskappe raak.

Alle openbare insette is oorweeg en bespreek tydens 'n Raadswerkswinkel wat op 14 Mei 2026 plaasgevind het. Die sake wat geopper is, is verder bespreek tydens die Begrotingsbestuurskomiteevergadering op 18 Mei 2026.

Die finale begroting, tesame met die oorweging van alle ontvangde kommentare, is by die Raadsvergadering op 28 Mei 2026 ter tafel gelê vir finale goedkeuring.

Hierdie reaksie dien as die munisipaliteit se formele antwoord oor die saak. Ons waardeer weereens u konstruktiewe insette en u voortgesette belangstelling in die ontwikkeling van Caledon en Theewaterskloof.

Die uwe in Dienslewering

……..
Mr. GW Hermanus
ACTING MUNICIPAL MANAGER
THEEWATERSKLOOF MUNICIPALITY